- Laat die volgende minimum onthoudingsperiodes toe tussen die laaste toediening en oes of beweiing:

Aartappels, bone, pampoengewasse, tamaties.....	3 dae
Erte.....	6 dae
Boon-, erte- en grondboonhooi.....	42 dae

NOTA:

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat residue nie plaaslike maksimum residulimiete oorskry nie, maar die invoertoleransies van ander lande kan moontlik oorskry word. Indien die gewas wat behandel gaan word vir uitvoer bedoel is, raadpleeg die betrokke invoerder of uitvoerliggaam oor die gebruik van hierdie produk, Maksimum Residu Limiete en aanbevole onthoudingsperiodes.

- Hanteer versigtig.
- Berg ongebruikte **MONIKER 720 SC** dig toegemaak in hierdie houer in 'n koel, goed geventileerde bergplek weg van ander landboumiddels, voedsel, voer en voedingstowwe.
- Bêre buite die bereik van kinders, diere en oningelgte persone.

Herbetreding:

- Moenie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag heeltemal droog is nie, tensy die beskermende oorklere gedra word soos wat aanbeveel is vir toediening van die spuitmengsel (kyk **VOORSORGMATREËLS**).

Lugtoediening:

- Stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis daarvan en reik die nodige waarskuwings uit.
- Moenie oor watermassas of nie-teikengebiede spuit nie, of toelaat dat spuitnewel daarheen oorwaai nie.
- Alle lugtoedienings van hierdie middel moet geskied volgens die voorskrifte van SABS Gebruikskode 0118 (nou genoem SANS 10118).

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan die omgewing of nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Voorsorgstellings

Voorkoming: Kry spesiale instruksies voor gebruik. Moet nie hanteer voordat alle veiligheidsmaatreëls gelees en verstaan is nie. Moet nie dampe, sproe inasem nie. Gebruik slegs buite of in 'n goed geventileerde area. Besoedelde werksklere moet nie uit die werkplek toegelaat word nie. Vermoë vrylating na die omgewing. Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming. Dra asemhalingsbeskerming in geval van onvoldoende ventilasie.

Reaksie INDIEN OP DIE VEL: Was met baie seep en water. INDIEN INGESAEM: Verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik om asem te haal.

INDIEN IN OE: Spoel versigtig uit met water vir 'n paar minute. Verwyder kontaklenze, indien teenwoordig en maklik om te doen. Gaan voort met spoel.

INDIEN blootgestel of bekommerd: Kry mediese advies/aandag. Bel 'n gifsentrum of dokter as jy onwel voel. Spesifieke behandeling is dringend (sien aanvullende noodhulpinstruksies op hierdie etiket). Indien velirritasie of uitslag voorkom: Kry mediese advies/aandag. Trek besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik. Versamel gemors.

Berging: Berg in 'n goed geventileerde plek. Hou die houer dig toe. Stoor toegesluit.

Wegdoening: Gooi inhoud en houer weg na 'n goedgekeurde afvalverwyderingsaanleg.

- Voorkom die besoedeling van voedsel, eetgerei en drinkwater.
- Voorkom dat spuitnewel oorwaai na ander gewasse, weidings, watermassas en gebiede wat nie behandel word nie.
- Alle maatslinders en toedienings apparaat moet deeglik skoon gemaak na gebruik en voor dit weer gebruik kan word. Alle spoelwater moet so vernietig word dat dit nie die omgewing of water bronne besoedel nie.

- **SPOEL die leë houer DRIEKEER UIT soos volg:** Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloei tot drup verlengsaam het. Spoel die leë houer daarna drie keer agtereenvolgens uit met een kwart van die houervolume vars water en gooi die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Prik die drievoudig uitgespoelde houer deur en gooi weg via 'n goedgekeurde versamelaar of herwinner (www.croplife.co.za). Moenie die houer begrawe, verbrand of skenk aan enige ander partye wat dit as 'n houer vir kos of drank kan gebruik nie.
- Vernietig die uitgespoelde leë houer deur gate daarin te maak en dit plat te slaan. Begrawe die houer ten minste 50 cm diep in die grond en minstens 100 m weg van 'n boorgat of waterbron.
- Moet nooit die leë houer vir enige ander doel gebruik of hergebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

NAAM	PRODUK IDENTIFISEERDER
Chlortalonil TS	CAS-Nr.: 1897-45-6
1,2 Propaandiol	CAS-Nr.: 57-55-6
Poliëtileenglikol 2,4,6 trisirielfenieleter	CAS-Nr.: 105362-40-1
Natriumdodesiel-benseensulfonaat	CAS-Nr.: 25155-30-0
1,2-Bensisotiasolien-3-een	CAS-Nr.: 2634-33-5

WEERSTANDSWAARSKUING

Vir doeleindes van weerstandsbestuur, is **MONIKER 720 SC** 'n 'FRAC' groeppode M swamdoder – en spesifiek 'n groep M₁. Alhoewel dit algemeen beskou word as 'n lae risiko groep en geen aanduidings van bestandheid al waargeneem is teen die meeste swamdoders nie, of ook nie kruisweerstand tussen lede van hierdie groep nie (M₁ – M₂), word dit nietemin aanbeveel dat weerstand teen swamdoders vertraag moet word deur:

- Die uitsluitlike en herhaaldelike gebruik van swamdoders behorende tot dieselfde groeppode te vermy.
- Afwisseling of die gebruik van tenkmengsels van middels van verskillende swamdoder groeppodes.
- Integrasie van chemiese middels en verbouingspraktyke in swamsiektebeheerprogramme.

Vir meer inligting oor weerstandsbestuur raadpleeg die registrasiehouer van **MONIKER 720 SC**.

BYKOMENDE INLIGTING

Eienskappe van die produk:

Die aktiewe bestanddeel in **MONIKER 720 SC** beheer plantsiektes deur sy kontakwerking op verskillende vindplekke op die plant. **MONIKER 720 SC** is dus doeltreffend as 'n voorkomende beheermaatregel en moet as sulks toegedien word, en deeglike bedekking van die hele teikengebiet deur volle dekbespuiting is 'n voorbehoud om beheer te kan verkry van die siektes genoem.

Om beheer te verkry moet 'n groot genoeg volume spuitmengsel toegedien word om deeglike bedekking van die hele plant te verkry: die stamme en beide oppervlakke van die blare. Gebruik spuittoerusting wat in staat is om die aanbevole volumes spuitmengsel te kan lewer teen 'n druk wat hoog genoeg is om algehele bedekking te kan lewer.

As weerstoestande gunstig is vir die ontwikkeling en verspreiding van die veroorsakende siekteorganisme, soos klam, nat en vogtige weer, moet toedienings meer dikwels gemaak word (kyk **METODE VAN TOEDIENING** en **TOEDIENINGSHOEVEELHEDE**, hieronder).

Nietemin moet toedienings **nooit** meer as 21 dae uitmekaar gemaak word nie gedurende die groeiseisoen van die gewas.

Toedienings moet herhaal word as 12,5 mm of meer natuurlike of kunsmatige reën voorkom binne 3 dae (72 uur) nadat bespuit was.

WYSE VAN AKSIE:

Nie-sistemiese, blaar swamdoder met beskermende aktiwiteit. Reageer chemies met, en breek tiolë uit, wat lei tot ontgrigting van glikolise en energieproduksie.

GEBRUIKSAANWYSINGS Gebruik slegs soos voorgeskryf

- Dit is 'n oortreding van Goewermenskennigings R.1716 van 26 Julie 1991 en R.181 van 7 Februarie 2003 uitgereik kragtens die Wet op Misstawe, Veevoedsel, Landboumiddels en Vee middels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947), om hierdie middel te gebruik op 'n wyse wat strydig is met die etikettering daarvan, of om dit oor te gooi in enige ander houer.

Mengbaarheid:

Die mengbaarheid van **MONIKER 720 SC** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulering van die ander produkte asook die kwaliteit van die water. Aangesien die formulering van produkte kan verander sonder die medewete van FarmAg International (Pty) Ltd en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan verskil, moet 'n fisiese mengbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat toegedien word.

Tekens van nie-mengbaarheid tydens so 'n toets, kan onder andere wees dat die mengsels skei, uitvlokkings of uitsakking van die mengsels.

Mengvoorskrifte:

- Maak die spuittenk halfvol skoon water.
- As slegs **MONIKER 720 SC** toegedien gaan word, meet die benodigde volume **MONIKER 720 SC** en meng dit vooraf met ten minste 10 l water. Voeg hierdie mengsel by die inhoud van die spuittenk en roer die inhoud om vermenging te verseker.
- As **MONIKER 720 SC** met enige ander produk gemeng moet word, moet daar gelet word op die aanwysings onder die opskrif **Mengbaarheid**; hierbo aangegee. Meng die produkte in die volgende volgorde: streelmiddel – benatbare poeier – suspensiekonsentraat – emulgeerbare konsentraat – oplosbare konsentraat, na gelang van die geval.
- Indien enige ander produk met **MONIKER 720 SC** gemeng gaan word, meng die benodigde volume daarvan vooraf op dieselfde manier en voeg dit stadig by die inhoud van die spuittenk.
- Vul die spuittenk verder met skoon water tot die verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word om deeglike vermenging te verseker alvorens met toediening begin word.
- Handhaaf roering gedurende die hele mengproses en tydens toediening.
- Aangemaakte spuitmengsel moenie in die spuittenk gelaat word vir enige tydperk nie, bv, oornag.

TOEDIENINGSMETODE

Grondtoediening:

- Dien die aangemaakte spuitmengsel toe deur middel van 'n trekker gemonteerde spuittoestel wat toegerus is met 'n hidrouliese spuitbalk met holkeël waaierpuit wat gekalibreer is om die aanbevole volume spuitmengsel per hektaar toe te dien.
- Alle toedienings moet gemaak word met geskikte toedieningsapparaat wat in goeie werkende toestand en korrek gekalibreer is om die verlangde bedekking op die teikengebied te verkry vir die aanbevole toedieningsmetode.
- Kyk ook **TOEDIENINGSHOEVEELHEDE** hieronder vir meer besonderhede wat betref die volumes benodig tydens toediening vir die verskillende gewasse.

Lugtoediening:

MONIKER 720 SC mag alleenlik op boontjies, grondbone, ertjies en aartappels deur die lug toegedien word.

Raadpleeg die **MONIKER 720 SC** verteenwoordiger voordat begin word met lugtoediening, of voordat dit gereël word.

Lugtoediening mag slegs gedoen word deur 'n goedgekeurde plaagbeheeroperateur geregistreer in Veld (i): Lugtoediening (Wet Nr. 36 van 1947), en wat 'n geregistreerde en korrek gekalibreerde vliegtuig gebruik en wat die spuitmengsel toedien in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard 10118: Die Lugtoediening van Landboumiddels (voorheen: SABS Gebruikskode 0118). Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies van spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Die volgende maatstawwe sal nagekom word.

Toerusting:

- Gebruik geskikte verstuigingstoerusting (hidrouliese spuitneuse of wentelende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teikengebied sal lewer en wat die minste verlies van spuitmengsel deur wegdrywing sal verseker.
- Die toediener moet 'n stelsel van spuitneuse gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal lewer.
- Al die spuitneuse en spuitkoppe moet binne 75 % van die vliegtuig se vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkpunte se warreling te beperk.
- Dien toe in spuitbaanwydtes wat aanbeveel is vir die soort vliegtuig.

Toedieningsvereistes:

- **Volume:** 'n Volume van 30 40 l/ha word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verminderde volume dosis geëvalueer is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien die produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel word, uit die lug toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 50 70 druppels per cm² moet by die teiken herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (minder as 150 mikron) hoë drywing & verdampingspotensiaal tot 'n minimum beperk word.

- **Vlieghoogte:** Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moenie spuit wanneer die vliegtuig klim, bo-op of tydens 'n duik, of wanneer die wal ry nie.

Meteorologiese toestande:

- Die verskil in die lesings van die nat- en droëboltermometerlesings soos bepaal met 'n swaaighigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Moenie tydens onstuimige, onstabiele weerstoestande of gedurende die hitte van die dag toedien wanneer stygende en dalende konveksiestrome voorkom nie.
- Moenie toedien tydens omgekeerde temperatuurtoestande nie, d.w.s., toediening in of bokant die inversielaag.
- Moenie toedien indien die windspoed 15 km/h oorskry nie.

Grondbone:

Lugtoediening is nie 'n plaasvervanger vir grondtoediening nie. Dit moet eerder as 'n gebeurlikheidsmaatreël beskou word wanneer grondtoedienings onprakties is as gevolg van ongunstige weerstoestande, bv. baie nat toestande. Streng nakoming van al die bogenoemde plus die volgende spesifikasie is noodsaaklik vir suksesvolle beheer:

1. Die spuitpunte binne 0,5 m van die vlerkpunte moet afgesper word en die res moet toegerus wees met D 10 46 of D 12 56 keëlopeninge en -kerne.
2. Die spuitpunte moet na agter en afwaarts gerangskik wees teen 'n hoek van 45 ° vanaf die horisontaal.
3. Dien toe in 'n minimum van 50 L water/ha.

Verkyr versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan bogenoemde spesifikasies voldoen sal word. Alle spuittoedienings moet gemaak word met geskikte toerusting wat in goeie werkende toestand is en korrek gekalibreer is om die verlangde bedekking vir daardie spesifieke metode van toediening te gee.

Spilpuntoediening: (slegs Aartappels)

1. **MONIKER 720 SC** kan in aartappels toegedien word via geskikte spilpunt-sprinkelbesproeiingstoerusting.
2. Bewerk die spilpuntstelsel en inspuittoerusting met behulp van 'n positiewe verplasing-meetpomp teen normale druk en verseker dat die vervaardiger se aanbevelings gevolg word.
3. Moet nie die besproeiingstelsel sonder veiligheidskleppe gebruik nie om terugsuivering en kontaminasie van die waterbron te voorkom.
4. Die tenkhouer en inspuiter moet aan die afvoerkant van die besproeiingslyn gekoppel word.
5. **MONIKER 720 SC** kan tydens die normale besproeiingsiklus ingespuut word of kan daarna as 'n aparte toediening gebruik word of wanneer besproeiing nie nodig is nie.
6. Nadat die inspuitsiklus voltooi is, skakel die inspuiter af, maar gaan voort om die middelste spilpunt te laat loop totdat **MONIKER 720 SC** uit die stelsel gespoel is.
7. Moet nie **MONIKER 720 SC** tenkmeng met enige ander landbouchemiese of kunsmismiddel nie.
8. Eenvormige watertoediening deur die spilpunt is noodsaaklik om te verseker dat deeglike bedekking oor die hele veld deur **MONIKER 720 SC** verkyr word.

Kalibrasie vir spilpuntoepassing:

Vul tenk van inspuittoerusting met water. Bedien die spilpunt om die doseerpomp teen die vereiste instelling vir 1 sirkel te kalibreer en meet die tyd wat benodig word om die sirkel te voltooi, die hoeveelheid water wat gedurende een volledige sirkel ingespuut is en die area (ha) wat bedek is. Meng die aanbevole hoeveelheid **MONIKA 720 SC** vir die area wat bedek moet word met dieselfde hoeveelheid water wat tydens kalibrasie gebruik is en spuit voortdurend in tydens 'n omwenteling van die spilpunt.

Algemeen:

- **MONIKER 720 SC** moet as 'n voldek voorkomende bespuiting toegedien word vir die beheer van die genoemde siekte. Verseker goeie bedekking van die hele plant (die stamme en albei oppervlaktes van die blare) deur genoeg water en spuittoerusting te gebruik wat in staat is om hoë druk te handhaaf.
- Tydens nat of vogtige toestande wanneer die siektedruk erger is, moet toedienings meer gereeld as tydens droër toestande gedoen word, maar moet nie 21 dae spuitintervalle oorskry nie. **MONIKER 720 SC** reën vinnig 15 minute nadat die spuitneerslag droog is.
- Reënval van tot 60 mm nadat hierdie tydperk verstryk het, sal nie 'n nadelige effek op die doeltreffendheid van **MONIKER 720 SC** hê nie en sal nie 'n hertoediening noodsaak nie.
- Verseker dat die produksie van fyn druppels (met 'n VMD minder as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Verseker dat die produksie van fyn druppels (met 'n VMD minder as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 m bo die teikenarea gehandhaaf word by windsnelhede onder 8 km/h, en 2 m bo die teikenarea by windsnelhede tussen 8 – 15 km/h.

- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig klim, bo-op 'n draai of tydens 'n duik, of wanneer die wal is nie.
- Maak seker dat lande akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande om te spuit.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

- Kyk **TOEDIENINGSMETODE** hierbo.

Gewas (en siekte)	Dosis (mℓ / 100 ℓ water; of ℓ / ha)	Opmerkings
Bone: Roes (<i>Uromyces appendiculatus</i>)	0,7 – 1,4 ℓ/ha 0,7 – 1,4 ℓ/ha 1,4 ℓ/ha 1,4 ℓ/ha	Dien toe as voorkomende spuitprogram elke 7 – 14 dae, of met die eerste tekens van 'n besmetting. Herhaal dan elke 7 – 14 dae as 'n spuitprogram. Droëlandverbouing: Grondtoediening: Dien toe as 'n volle dekbespuiting in 250 – 500 ℓ water / ha, afhangende van die groeistadium van die gewas. Lugtoediening: Soos hierbo vir Grondtoediening: in 30 – 40 ℓ water / ha, afhangende van die groeistadium. Besproeiingsverbouing: Grondtoediening: Dien toe as 'n volle dekbespuiting in 250 – 500 ℓ water / ha, afhangende van die groeistadium. Lugtoediening: Soos hierbo vir Grondtoediening: in 30 – 40 ℓ water / ha, afhangende van die groeistadium van die gewas. Moenie minder as 1,4 ℓ MONIKER 720 SC / ha op bone onder besproeiing toedien nie.
Pampoengewasse: Donsige skimmel (<i>Pseudoperonospora cubensis</i>); Antraknose (<i>Colletotrichum orbiculare</i>)	1 - 2 ℓ/ha	Grondtoediening alleenlik: Dien toe as 'n voorkomende behandeling elke 7 – 10 dae in minstens 500 ℓ water / ha om deeglike bedekking van beide oppervlakke van die blare te verseker. Gebruik die hoër toedieningsdosis wanneer weersomstandighede gunstig is vir die ontwikkeling van die siektes.

Grondbone: Blaarvlek (<i>Cercospora</i> spp.; <i>Phoma arachidicola</i>); Grys skimmel (<i>Botrytis cinerea</i>)	0,7 ℓ/ha 1,5 ℓ/ha 1,5 ℓ/ha	Droëlandverbouing: Grondtoediening: Lae besmettingsdruk: Dien voorkomend toe as 'n volle dekbespuiting in minstens 500 ℓ water / ha teen 'n minimum druk van 500 kPa. Herhaal toedienings elke 10 – 14 dae. Hoë besmettingsdruk: Verhoog die toedieningsdosis as toestande gunstig word vir die voorkoms en verspreiding van die siektes. Dien toe in 500 – 1 500 ℓ water / ha, afhangende van die gewas se groeistadium en lowerdigtheid. Besproeiingsverbouing: Grondtoediening: Let daarop dat die siektes baie vinnig kan opbou en versprei in die gewas wanneer dit onder besproeiing verbou word. MONIKER 720 SC se werking van beheer is voorkomend van aard en met geen genesende werking onder sulke intensiewe verbouingspraktyke nie. Begin toedienings teen 6 – 10 weke ná plant, of selfs vroeër indien omstandighede gunstig is vir die ontwikkeling van die siektes. Hierdie aanvang van behandeling sal gewoonlik wees teen die middel tot einde van Desember. Dien toe as 'n volle dekbespuiting in 'n spuitprogram elke 7 – 14 dae. Dien toe in 500 – 1 500 ℓ water / ha afhangende van die gewas se groeistadium en lowerdigtheid. En teen 'n druk van minstens 500 kPa. Moet nie minder as 1,55 ℓ MONIKER 720 SC / ha toedien op die volggroeide gewas nie.
Grondbone: Blaarvlek (<i>Cercospora</i> spp.; <i>Phoma arachidicola</i>); Grys skimmel (<i>Botrytis cinerea</i>)	1,55 ℓ/ha	Lugtoediening: Die lugtoediening van MONIKER 720 SC moet beskou word as 'n toedieningsmetode vir gebruik in sekere omstandighede en nie as 'n plaasvervanger vir grondtoediening nie, bv, tydens baie nat toestande wat grondtoediening onprakties maak as gevolg van swak weersomstandighede. Kyk Lugtoediening: onder TOEDIENINGSMETODE hierbo. Ten einde die bes moontlike vlak van beheer met lugtoediening te kan bereik, moet die volgende bykomende maatreëls nagekom word. • Gebruik die smalste spuitbaanwydte vir die betrokke vliegtuig. • Gebruik spuitneuse met D10-46 of D12-56 spuitplaatjies en kerne. • Spuitneuse moet gestel word om met 'n hoek van 45° van horisontaal af na die agterkant van die vliegtuig te spuit. • Dien toe in minstens 50 ℓ water / ha. • Die spuitbalk moet 2 – 3 m bokant die gewas wees tydens toediening. • Staak toediening as die windspoed 10 km/h oorskry.
Erte: Blaar- en peulvlek (<i>Ascochyta</i> spp.)	1,4 ℓ/ha 1,5 ℓ/ha	Dien elke 10 – 14 dae toe as 'n voorkomende spuitprogram vanaf die vroeë blomstadium, of vanaf die eerste tekens van 'n besmetting. Grondtoediening: Dien toe as 'n volle dekbespuiting in 500 – 1 000 ℓ water / ha, afhangende van die groeistadium. Lugtoediening: Soos hierbo vir Grondtoediening: in 30 – 40 ℓ water / ha.

Grasperke en grasbane: Verskeie siektes, bv., Bruinvlek (<i>Rhizoctonia</i> spp.); Dollar vlek (<i>Sclerotinia homoeocarpa</i> , <i>Rhizoctonia</i> spp.); Wegsterwing (<i>Helminthosporium</i> spp.)	350 ml / 100 ℓ water 520 ml / 100 ℓ water	Begin MONIKER 720 SC toedien as 'n voorkomende behandeling wanneer toestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siektes. Dien 10 ℓ van die spuitmengsel toe / 100 m ² , en herhaal elke 7 – 10 dae. Dien 10 ℓ van die spuitmengsel toe / 100 m ² binne ten minste 7 dae nadat die siekte begin voorkom het as 'n genesende behandeling. Volg daarna 'n voorkomende behandelingsprogram soos hierbo beskryf.
Kooldewasse: Witroes (<i>Albugo candida</i>)	2,0 ℓ/ha	Dien toe in 'n goedgekeurde spuitprogram soos aanbeveel deur die verskaffer.

Verduidelikende nota:

[†] FRAC = Fungicide Resistance Action Committee

MONIKER 720 SC

Reg. No. / Nr L9966 Act No. 36 of 1947/ Wet Nr 36 van 1947

FUNGICIDE



**READ THE LABEL AND ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

FRAC† FUNGICIDE GROUP CODE

M5

FRAC† SWAMDODER GROEP

A suspension concentrate contact fungicide for the preventive control of diseases mentioned in beans, cucurbits, groundnuts, peas, potatoes, tomatoes, and ornamentals (gladioli, roses, lawns and turf).

'n Suspensiekonsentraat swamdoder met kontakwerking vir die voorkomende beheer van plantsiektes soos genoem in aartappels, bone, erte, grondbone, pampoengewasse, tomaties, en sierplante (rose, swaardlelies, grasperke en grasbane).

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

Chlorothalonil (chloronitrite)..... 720 g/ℓChlorotalonil (chloornitriet)



DANGER

Hazard Statements:

May be harmful in contact with skin.
Causes mild skin irritation.
May cause an allergic skin reaction.
Causes serious eye damage.
May cause respiratory irritation.
Suspected of causing cancer.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

Precautionary Statements:

Do not breathe vapours, spray.
In case of inadequate ventilation wear respiratory protection.
IF ON SKIN: Wash with plenty of soap and water.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes.
If skin irritation or rash occurs: Get medical advice/attention.

Batch No:

D.O.M:

D.O.E:

Net Mass:

See reverse of drum for details.

FOR FULL PARTICULARS SEE ATTACHED PAMPHLET.

VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE KYK AANGEHEGTE ETIKET.

UN No. / VR Nr: 3082



REGISTRATION HOLDER/ REGISTRASIEHOUER

Cedar Falls Properties 130 (Pty) Ltd
Reg. Nr: Reg. 2006/031383/07
61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park,
Mount Edgecombe, South Africa, 4300
Tel: 031 003 3486

Poison Information Helpline (24 hrs): 0861 555 777



BARCODE

100851

